

Skriflesing: Openbaring 13: 1- 18

Teks: **Openbaring 13: 3**

Sing: **VOORAF SANG- Sb. 2-4 (33): 1, 3**

TYDENS EREDIENS- Ps. 47:1,3; Ps.2:1,6; Ps. 102:1,7; Ps. 72:1,3

Openbaring 13: 1- 18

Rev 13:1 En toe het ek 'n dier uit die see uit sien kom met tien horings en sewe koppe. Op sy horings was daar tien heerserskronne en op sy koppe godslasterlike name.

Rev 13:2 Die dier wat ek gesien het, het soos 'n luiperd gelyk. Sy pote was soos dié van 'n beer en sy bek soos dié van 'n leeu. Die draak het sy mag, sy troon en groot gesag aan hom gegee.

Rev 13:3 Dit het gelyk asof hy aan een van sy koppe dodelik gewond was, maar die dodelike wond het genees, en die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan geloop.

Rev 13:4 Die mense het die draak aanbid omdat dit hy is wat die gesag aan die dier gegee het. Hulle het ook die dier aanbid en gesê: "Wie kan met die dier vergelyk word? En wie kan teen hom oorlog voer?"

Rev 13:5 Die dier is toegelaat om verskriklike dinge te sê en te laster en om twee en veertig maande lank gesag uit te oefen.

Rev 13:6 Hy het teen God begin laster, hy het God se Naam en sy woonplek en dié wat in die hemel bly, belaster.

Rev 13:7 Aan hom is daar ook mag gegee om teen die gelowiges oorlog te maak en hulle te oorwin; en daar is gesag aan hom gegee oor elke stam, volk, taal en nasie.

Rev 13:8 Al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die skepping van die wêreld af geskrywe staan in die boek van die lewe, die boek van die Lam wat geslag is nie.

Rev 13:9 As iemand kan hoor, moet hy hierna luister!

Rev 13:10 As iemand bestem is vir gevangenskap, gaan hy in gevangenskap; as iemand bestem is om met 'n swaard doodgemaak te word, word hy met 'n swaard doodgemaak. Hier het die gelowiges volharding en geloof nodig.

Skriflesing: Openbaring 13: 1- 10

Teks: **Openbaring 13: 3**

Sing: **VOORAF SANG- Sb. 2-4 (33): 1, 3**

TYDENS EREDIENS- Ps. 47:1,3; Ps.2:1,6; Ps. 102:1,7; Ps. 72:1,3

Geliefde gemeente in ons Here Jesus Christus, ons Afrikaanse vertalings het aan die einde van Openbaring 12 'n einde wat dalk verwarrend kan wees. Die ouer 1933' 53 Vertaling wil na al die dinge wat in Openbaring 12 gebeur het, dit stel asof Johannes die skrywer van Openbaring in persoon op die strand gaan staan het. Die 1983-Vertaling stel dit dat die draak het op die strand gaan staan. Die 2020-Vertaling moet ons ook aflei asof dit die draak was wat op die strand gaan staan het. Ek stel dit my voor albei kon maar op die strand gebeur het. Johannes in persoon maar ook die gesig wat hy daar sien is 'n draak op die strand. Tog is dit geen strand gesig en nog minder strandspeletjies wat gaan volg. Dis wêreld ingrypend en ons kan onself nie hiervan losmaak nie. Weereens in Openbaring 13 lees ons groot dinge wat in die wêreld oor baie eeue alreeds aan die gebeur is en nog weer sal gebeur. Die vraag is dwarsdeur Openbaring of ons werklik gereed is en kan insien en raaksien wanneer hierdie dinge gebeur en hoe hierdie dinge op ons aankom.

*** (Die dier kom uit die see op)

Die draak op die strand is beslis die een wat dit wat uit die see opkom ook sou raaksien. Trouens dit is sy bondgenoot, 'n troue medewerker van Satan waarmee ons hier te make het.

Samevattend verwys ons na hierdie afgryslieke figuur wat uit die see opkom as die antichris. 'n Snaakse gedrog maar die betekenis in alles raak hoe vêrder ons in die geskiedenis van Kerk en wêreld vorder al duideliker. Daar kom 'n dier uit die see uit op. Die see weet ons teen hierdie tyd is altyd die toonbeeld van die volkere wêreld en die regerings in die wêreld. Die dier kom te midde van die mense, ja die dinge gebeur te midde van die mensemassas en hulle regerings in die wêreld. Dit is 'n monsteragtige afgryslieke dier waarmee ons te make kry. 'n Dier met iets van die pragtige voorkoms van 'n luiperd maar hy het die pote van 'n beer en die bek wat lyk soos die van 'n leeu.

*** (Terug na Daniel)

Dadelik moet ons kan terugblaai ook na die boek Daniel. Al het Daniel baie honderde jare voor die bejaarde Johannes gelewe is die gesigte van Daniel en dié van Johannes met merkwaardige ooreenkomste besig. Tog is daar ook duidelik aangepaste verskille soos wat die tydsverloop tussen Daniel en Johannes aanpassing vereis het. In Daniel 7 het ons die beskrywing van vier diere, maar nou in Openbaring 13 is die diere saamgevoeg tot hierdie afgryslieke geheel. Daar het iets gebeur wat ons nie mag mis nie!

In Daniel 7 het die vier diere baie duidelik vier verskillende wêreldryke soos die wêreld onder verskillende wêreldregerings gekom het verteenwoordig. By Daniel was daar eerste die leeu, afgebeeld as die Babiloniese ryk wat daar oor die wêreld was. Dis die ou Babiloniese wêreldstaat, alreeds by die toring van Babel. Dit strek so ver terug soos Genesis 11. Daarna het gekom die beer, ja dis die Assiriese ryk. Sy hoofstad is Nineve. Hulle het die ou Israel se 10 stamme in ballingskap weggevoer. Die luiperd wys op die nuwe Babiloniese ryk, ja kom die ou gedagte van Babel weer na vore maar nou regeer Nebukadnesar die wêreld. Dis hy wat Israel totaal opgebreek het want het Nebukadnesar die twee oorblywende stamme van Israel nl. Juda en Benjamin na Babel weggevoer. Die vierde dier in Daniel lees ons in Daniel 7 vers 7: *My nagtelike visioen het voortgeduur en toe ek weer sien, was daar 'n vierde dier, skrikwekkend, vreesaanjaend en baie sterk. Hy het groot ystertande gehad en alles wat voorkom, verslind en vermorsel en wat oorgebly het met sy pote vertrap. Hy was anders as die vorige diere en het tien horings gehad.* Hierdie vierde dier by Daniel wys op die Meders-Persiese ryk en so het Daniel

eintlik die opeenvolgende wêreldryke van die Ou Testament in die vier diere kon saamvat, maar ons besef die vierde dier kon hy nie in 'n aardse afbeelding vaspen nie.

Hy sien 'n vierde dier, skrikwekkend, vreesaanjaend en baie sterk. Hy het ystertande en pote wat kan verslind en vertrap. Ja, het Daniel gesê dat hy was anders as die vorige diere en het 10 horings gehad. Baie beslis sluit Johannes se gesig in Openbaring 13 nou hierby aan. Dit bring ons in ons tyd in die Nuwe Testament maar nou is die vier diere tot een afgryslieke dier saamgevoeg met optredes en gebeure sekerlik net so afgrysliek soos die dier in sy voorkoms was.

Daniel sien die dier met sewe koppe, Johannes sien dit ook, 'n dier uit die see met tien horings en sewe koppe. Wat sê dit vir ons as Kerk van die Nuwe Testament? Ons sien in die sewe koppe imperialisme raak, ja hoe springlewendig is imperialisme nie nou nog in die wêreld nie?!

Rusland wat die Oekraïne ingeval het en die Russe wat hulle grondgebied wil uitbrei en al meer mag wil bekom en ander wêreldmagte wil teenwerk is sekerlik nie vandag van Openbaring 13 uitgesluit nie. Tog begin die imperialisme na die vier wêreldryke wat ons in die Ou Testament gehad het met die vyfde ryk waar die Grieks-Macedoniese ryk oor die wêreld gekom het en ons lees van Alexander die Grote wat so 356-323vC gelewe het. Daarna het die Romeinse ryk die wêreld oorgevat, ja dit is die sesde magtige wêreldryk wat in 'n stadium oor die wêreld regeer het.

Jesus is in die tyd van Romeinse wêreldoorheersing in hierdie wêreld gebore. As Johannes op Patmos op die strand die verskriklike dier sien dan ly hy ook nog onder Romeinse oorheersing. Dit was juis die magtige maar heidense keiser Domitianus wat hom as ouman na hierdie eiland verban het. Hy sien dinge wat verder strek as net hierdie 6 wêreldryke wat daar toe reeds al oor die wêreld gekom het. Hy sien sewe koppe met tien horings en dan voeg hy by op elke horing is daar 'n heerserskroon. En nou verskil die vertalings ook weer 'n bietjie. Die 1983-Vertaling staan dat op die koppe was godslasterlike name geskryf. Die Grieks se meerderheidstek is hier 'n enkelvoud wat eerder dan moet lui soos die Ouer Vertaling en die 2020 Vertaling dit ook het dat op hierdie verskriklike dier met die sewe koppe staan 'n naam, ja 'n enkele naam van godslastering! Die 2020-Vertaling stel dit – *op sy koppe was daar 'n godslasterlike naam geskryf.*

***(Die tyd van die sewende wêreldryk – ons tyd!)

As ons hierdie dinge vandag lees en na ons moet oordra, geliefdes, wat sê dit vir ons. Daar sal na die Romeinse oorheersing nog 'n sewende wêreldryk in hierdie wêreld opstaan, wat heel waarskynlik die laaste van die sataniese bediening van totale mag in hierdie wêreld sal wees. Daar is sewe koppe, maar daar is meer horings en krone as wat daar koppe was! Dinge gaan verwarrend en verdelend wees. Tien horings, tien krone maar oor al die dinge staan geskryf 'n godslasterlike naam. Tien is die getal wat alle getalle weereens saamvat m.a.w. ons moet dalk in ons tyd waar die sewende kop in die wêreld aan die gebeur is 'n wyer prentjie vorm.

Ons besef of die Weste of die Ooste die wêreld wil regeer, of China en of Amerika en of Rusland die oorsaak van die laaste groot oorlog in hierdie wêreld gaan wees, ons weet nie. Dis wel 'n wêreldmoondheid wat heel waarskynlik die wêreld in vuur sal kan dompel met die kernkrag wat die mens in staat stel om alles te vernietig. Tog is dit nie vir ons om te bespiegel, te voorspel of daarmee mense bang te maak wanneer hierdie verskriklike dinge sal gebeur bue. Dis nie waarvoor Openbaring staan nie, die Openbaring boek is om ons te troos en te versterk in tye wat dinge in die wêreld baie deurmekaar lyk. Juis in 'n tyd soos wat ons ook nou weer beleef van 'n Oosterse wêreld wat die Weste inval. Dan maak Openbaring weer soveel sin in 'n baie deurmekaar wêreld.

***('n Al hoe duideliker gestalte)

Hierdie laaste ryk wat as dier uit die see opkom gee aan die antichris al duideliker gestalte. Hoe regerings en baie meelopers daarop uit is om godslasterlik te wees. Ons kry oor die wêreld soveel antichristelike regerings. Satan gebruik baie mense in magsposisies om eintlik sy saak te dien. Baie dinge gebeur nou nog in die geheim en word daar nie openlik te werk gegaan nie. Dis asof die dier nog met 'n groot slagwond rondloop. So het Johannes ook een van die tien koppe gesien dat dit tot die dood toe verwond was. Letterlik lees ons hier van 'n swaardwond waar een van die koppe oopgeslag was ten dode. Ons kan aanvaar dis die swaard van God, ja die effektiewe en daadwerklike bediening van die Woord van God wat ook as die swaard van die Heilige Gees bely word wat hierdie wond kon toedien. So word die antichris nog deur die evangelie teëgehou. Deur die evangelie het die antichris tot groot mate nog kon verwond.

2 Thessalonicense 2:6 verwys ook hierna - dat daar nog iets in hierdie wêreld aan die gebeur is wat die Satan in sy meeloper die antichris nog terughou. Tog lees ons in die 2020 Vertaling hy sal op sy eie tyd geopenbaar word. Dis die tyd wat ons ook van lees hoe Paulus dit in Thessalonika duidelik maak - *3 Laat niemand julle op enige manier op 'n dwaalspoor bring nie; want hierdie dinge kan nie gebeur voordat die afvalligheid eers plaasgevind het, en die mens van wetteloosheid geopenbaar is nie. Hy is die seun van die verderf, 4 die een wat teenstand bied, en hom verhef oor alles wat God of voorwerp van aanbedding genoem word, sodat hy selfs in die tempel gaan sit en hom as God voordoen.*

Met Openbaring saamgelees kan ons aanvaar ons leef nog in die tyd wat 'n groot deel van die wêreld dit nie kan regkry om christene te vervolg en dood te maak nie. Die groot wond die antichris toegedien het diep gesny en dit dwing Satan nog na die ondergrondse en geheime organisasies wat wel in die wêreld aan die werk en aan die gebeur is. As ons begin praat van die Illuminati en nuwe wêreldorde en hoe dinge in geheime organisasies werk wat daar openlik Vrymesselaar losies in baie dorpe is. In wie se diens hulle werklik staan en watter geheime werkinge daar ook van hulle uitgaan om die wond van die antichris te help genees vereis ook versigtige benadering en uitklaring.

***(Die wond het genees)

Openbaring maak dit duidelik die tyd gaan kom en is dalk alreeds hier dat die dier se dodelike wond weer gaan genees. Dan is letterlik en figuurlik gesproke die duiwel los! Daar is dan niks wat hom sal teëhou nie. Jesus het in sy Profetiese Rede ook hierna verwys as ons Matteus 24 vers 15 ook kan lees- Dan verwys Jesus juis ook na die profesie van Daniël -Jesus waarsku: *15 Wanneer julle ooreenkomstig die woord van die profeet Daniël die ding wat 'n gruwel is vir God en wat verwoesting aanrig, in die heilige plek sien staan – Jesus en Paulus in Thessalonicense kom by dieselfde waarskuwing hoe die Antichris as hy op die einde in persoon gaan verskyn en nie net met geheime werkinge besig sal wees nie, Jesus sien die die antichris in die heilige plek staan en Paulus waarsku in 2 Thessalonicense 2 - *Hy sal selfs in die tempel van God gaan sit en voorgee dat hy God is.**

*** (Bewondering word al groter!)

Geliefdes ons besef, dit is die tyd wat die antichris groot bewondering in hierdie wêreld gaan verkry. Vers 4 stel dit aan ons dat die hele wêreld die draak aanbid en hulle aanbid ook die dier

aan wie die draak sy mag gegee het. Die mense sal dis ook die antichris aanbid soos wat die gelowiges deur die eeue Christus moes aanbid. Hierdie dier-aanbidders is ook baie uitdagend. Hulle stel dit ruitelik- *“Wie kan met die dier vergelyk word? En wie kan teen hom oorlog voer?”*

Die godslastering van die antichris sal ook al meer en meer word. Ons merk op die antichris doen nie die lastering uit homself nie, maar hy doen dit aan die hand van die volmag wat Satan hom gegee het. Vers 7 werp 'n donker skaduwee op ons vandag as ons dan ook daar lees: *7 Aan hom is daar ook mag gegee om teen die gelowiges oorlog te maak en hulle te oorwin; en daar is gesag aan hom gegee oor elke stam, volk, taal en nasie.*

As ons vandag hierdie boodskap hoor, geliefdes, dan besef ons daar kom 'n tyd, hoe ver of hoe naby weet ons nie, maar wat Satan die hele wêreldbewind gaan oorneem. Dat die dier uit die aarde aan een van sy koppe 'n dodelike kopwond gedra het, is net genade. Dadelik besef ons soos wat die tyd aanstap raak die wond al gesonder en dit is die tyd wat dit vir ons as Kerk 'n al hoe swaarder en selfs dalk ondraagliker tyd gaan word. God se Naam en sy Kerk is op die einde dit wat Satan finaal in sy visier stel. Dat die sigbare Kerk van ons Here op die einde heeltemal sal ondergaan moet ons te wagte wees. Dan nie nou nie, beslis dan wel later.

Die vraag is en bly hoe is ek daarop voorbereid en wat is my gesindheid rondom dit alles. Dat ek al meer aan God se beloftes moet vashou, dat ons soos die tyd aanstap al hoe moeiliker dinge moet hanteer loop hand aan hand. Soos dinge moeiliker word en ek kan sien die antichristelike wond is al meer aan die genees moet die woord in vv 9-10 vir ons al duideliker uitstaan - *9 As iemand kan hoor, moet hy hierna luister! 10 As iemand bestem is vir gevangenskap, gaan hy in gevangenskap; as iemand bestem is om met 'n swaard doodgemaak te word, word hy met 'n swaard doodgemaak. Hier het die gelowiges volharding en geloof nodig.*

*** (Bly vertrou op God se beloftes)

Voor hierdie sware tyd het ons te make met die beloftes wat ewig is en aan geen tyd onderworpe is nie. Watter troos om ook daarna te mag luister. Die ware gelowiges mag glo soos vers 8 dit ook weer bevestig. As jou naam in die boek van die lewe geskrywe staan, dan staan dit tegelyk in die boek van die Lam wat geslag is. Wat het ons dan nodig om te vrees? Gevangenskap en dood

is juis vir die gelowiges ook al groter realiteite maar God se beloftes en sy ewige ryk wat aan jou die ewige lewe toesê is nou ook reeds 'n realiteit. Ek mag nou lewe en moet nou reeds lewe met die oog op die ewige lewe.

Dis ook ons geloof en belydenis soos die Kategismus dit verwoord. Luister eers hoe mooi staan dit in ons antwoord 52 van die Kategismus- Sondag 19: ... **Dat ek in alle droefheid en vervolging dieselfde Persoon met gespanne verwagting as Regter uit die hemel verwag wat Hom tevore in my plek voor die regbank van God gestel en alle vervloeking van my weggeneem het. Verder: dat Hy al sy en my vyande in die ewige verdoemenis sal werp, maar my, saam met al die uitverkorenes, na Hom in die hemelse blydschap en heerlijkheid saamneem.** Die einde van Sondag 38 van die Kategismus stel dit ook rondom die betekenis van die vierde gebod - ... **ek moet elke dag van my lewe van my bose werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe.**

Al gebeur verskriklike dinge rondom hierdie dier uit die see, ja dit word al erger. As ons volgende keer mag kom ook by die dier uit die aarde, ja hoe die valse profeet ook nog weer met die antichris saamwerk, dan word dinge nog moeiliker. Ons troos rondom die ewige lewe is dan alles behalwe maar net leë woorde maar dit bring God se Naam en sy Kerk al duideliker op die voorgrond, terwyl daar op die agtergrond baie dinge in Openbaring en in die wêreld aan die gebeur is.

AMEN